Fokus oor hoe om vir rampgeteisterde gebiede van die wêreld te bid

As 'n mens dit nog nie self beleef het nie, is dit bykans onmoontlik om jou voor te stel wat in die harte en gedagtes van mense aangaan wat skielik 'n natuurramp beleef. Natuurrampe oor die wêreld kom meer dikwels voor as ooit tevore. Hoe bid ons oor rampe en die slagoffers daarvan? Rampe kan kritieke geestelike keerpunte vir mense wees. Sommige mag na die Here toe draai terwyl ander heeltemal van Hom af mag wegdraai en dit is waarom ons met groot erns vir sulke situasies moet bid. Hier volg 'n paar riglyne oor hoe om te bid vir slagoffers van natuurrampe soos oorstromings, brande, aardbewings, grondstortings, tsoenami's, ens.

Kerke
Bid dat gelowiges regoor die wêreld hulleself daarop sal toespits om op praktiese maniere voorbereid te wees om enige ramp wat 'n direkte invloed op hulle, hul geliefdes of gemeenskappe sou hê, te kan hanteer. Bid dat hulle verhouding met die Here gevestig en sterk sal wees sodat hulle nie oorweldig sal voel nie, maar dat hulle presies sal weet wat om te doen en hoe om ander ook te help en by te staan. Bid vir gemeentes om strategieë vir hulp tydens rampe as deel van hulle normale bediening te inkorporeer.

Gebedstrategie
Bid dat gelowiges ingelig sal wees t.o.v. rampe wêreldwyd en dat hulle doelgerig en effektief vir sulke situasies sal bid en op hoogte sal bly rakende die vordering wat reddingspanne maak, asook nuwe behoeftes van slagoffers. Bid dat die kerk wêreldwyd meer sigbaar betrokke sal wees by bv. langtermyn hulpverleniging en ondersteuning aan slagoffers van natuurrampe.

Vraagstukke op grondvlak
Bid dat slagoffers wat geliefdes verloor het, rus en troos in die Here sal vind. Bid ook dat nie-Christene iemand sal ontmoet wat die evangelie met hulle sal deel en dat hulle ontvanklik vir die boodskap sal wees. Bid vir dié wat hulle huis, besittings of werk verloor het as gevolg van die ramp - vra dat God genade aan hierdie gemeenskappe sal betoon, dat gelowiges iets daadwerkliks sal doen om te wys dat hoop vir die toekoms alleen by God te vind is en dat hulle mense in die gemeenskap sal aanmoedig om saam te werk om hulle gemeenskap weer op te bou.

Voorraad en hulp
Bid vir voldoende mediese voorraad en personeel om op kort kennisgewing beskikbaar te wees in rampgebiede vir solank as wat nodig is. Bid vir reddingspanne, dat God hulle duidelik sal lei na plekke waar mense onder die puin van geboue of grond vasgekeer is - dat mense betyds gered en na veiligheid geneem kan word. Bid dat genoeg voedsel en skoon water betyds by die slagoffers sal uitkom en beskikbaar sal wees vir die volle tydperk wat nodig is.

Siektes
Bid vir God se genade en beskerming teen die uitbreek van siektes (voorkoms van virusse, ens.) onder die mense, diere of gesaaides kort nadat 'n ramp plaasgevind het. Vra dat daar effektiewe oplossings hiervoor gevind sal word en dat geskikte geneesmiddels beskikbaar sal wees. Bid vir die nodige fondse vir die rampgeteisterde gebied, vir die heropbou van die infrastruktuur en lewensmiddele.

Geestelike werk
Bid dat daar geleenthede vir gelowige reddingswerkers sal wees om vriende met slagoffers te maak, om hulle te bemoedig en die hoop in Christus met hulle te deel. Bid dat die gemeentes in 'n rampgebied die verantwoordelikheid sal opneem om slagoffers te help en te bedien. Bid dat waar daar geen

aktiewe gebedsgroepe was nie, gebedsgroepe direk na die ramp gevestig sal word en dat hierdie groepe sal groei soos wat meer mense begin om tot God uit te roep om hulp en vir die redding van mense in hulle gemeenskap.